Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 2½ uur

100 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)

3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**

4. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

5. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

6. DRIE blanko bladsye (bladsy 28 tot 30) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

## SLEGS VIR GEBRUIK DEUR DIE HULPEKSAMINATORE

| **Vraag** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 15 | 15 | 10 | 20 | 30 | 10 | **100** |
| **Gemerk** | | | | | | | |
| **Gemodereer** | | | | | | | |

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. **BEPLANNING** (*Vir paragraaf in Vraag 2 en opstel by Vraag 4*)

   Dit is 'n goeie idee om 'n **paragraaf of opstel** te beplan voordat jy dit neerskryf.

   2.1 Gebruik die ekstra spasie vir BEPLANNING op jou vraestel en trek 'n streep deur jou beplanning.


   2.2 *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

3. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

4. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

IEB Copyright © 2022

***ASEM* –** Jan Vermeulen



*[LAPA Uitgewers, 2016]*

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Asem.*

**VRAAG 1**

***Geheime, teleurstellings en leuens is die oorsaak van die gat in Barries se lewe.***

1.1

> "Dit sal ook help as Ma vir 'n slag vir my die waarheid kan vertel. Soos hoekom het Ma ophou praat oor hom?"
>
> "Want jy het ophou vrae vra oor hom."
>
> "Want Ma het altyd net stupid, vae antwoorde gegee. Soos wanneer ek wou weet hoekom het my pa nooit weer teruggekom nie."

[Bl. 53]

1.1.1 Watter traumatiese gebeurtenis in Vera se lewe het gelei tot probleme in Paul en Vera se huwelik *(marriage)*?

______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

1.1.2 Gee 'n bewys dat Paul en Vera probeer het om hulle huwelik te red.

______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022 

1.1.3 Watter leuen, oor 'n hond, het Barries vir sy maats opgemaak toe sy pa twaalf jaar gelede net weggeraak het?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.1.4 Waarom was Barries, toe hy jonger was, elke keer teleurgesteld nadat hy 'n selfgemaakte kaartjie aan Paul gestuur het?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.1.5 Oom Charles het vir Barries 'n geheim oor Paul se verlede vertel.

**Wat** was die geheim en **hoe** sou hierdie geheim Theo help, as Barries in die hof teen hom wil getuig?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

1.2 ***Barries het die gat in sy lewe met dwelms probeer vul en op die ou end moes Vera die prys betaal.***

Na die aanval op Barries se ma, het die polisie 'n vorm ingevul oor wat presies gebeur het.

Voltooi die onderstaande deel van die **misdaadverslag** oor **Vera se aanval**.

| **MISDAADVERSLAG** | | |
|---|---|---|
| **Naam van slagoffer:** | *Vera Barnard* | |
| **Datum van aanval:** | *24 Desember 2016* | |
| **Plek van aanval:** | 1.2.1 ______________________ | (1) |
| **Wapen:** | 1.2.2 ______________________ | (1) |
| **Tipe besering van slagoffer:** | 1.2.3 ______________________ | (1) |
| **Gevolg van besering vir slagoffer:** | 1.2.4 ______________________ | (1) |
| **Gesteelde item:** | 1.2.5 ______________________ | (1) |

1.3

> "Stef, los hom nou uit."
>
> "Nie voor ek hom 'n les geleer het nie." Stef se troebel blou oë lyk vandag seegroen. Hy tree nader, ten spyte van Jona se angstige getjank. "Ek gaan jou nou 'n geheim vertel wat jou so seer sal maak dat jy jou goedjies sal pak en vir altyd skoert."

[Bl. 199]

1.3.1 Wat is die groot geheim wat Stef vir Barries vertel het?

______________________________________________

______________________________________________

(1)

1.3.2 Gee EEN rede waarom Stef vir Barries 'n les wou leer.

___________________________________________________________

___________________________________________________________ (1)

1.3.3 Hoe het Paul teenoor Stef gereageer nadat Stef die geheim vertel het?

___________________________________________________________

___________________________________________________________ (1)

1.3.4 Stef se familie het vir Paul gehelp toe hy jonk was.

Op watter manier het Paul nog steeds vir Stef probeer help?

___________________________________________________________

___________________________________________________________ (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2

***Op Seeplaas maak Barries nuwe vriende wat sy lewe op verskillende maniere beïnvloed.***

***Fillie, 'n ware vriend***

2.1

> Die seun staan nou twee tree van hom af en kou aan 'n grasspriet; die vishaak oor sy skouer gestut.
>
> "Wat de hel doen jy hier? Waar is my klere?"
>
> "Hoor hierso," antwoord die rasperstem. "Ek is Fillie Booysen. My dêdda het gesê ek moet kom sorry sê. Nou sê ek sorry al is ek nie sorry nie."

[Bl. 125]

Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor Barries se nuwe vriend, **Fillie**.

In jou **paragraaf** moet jy aan die volgende aandag gee:

| | |
|---|---|
| • Wat die agtergrond van die Booysen-gesin op Seeplaas was. Gee een feit. | (1) |
| • **Waar** Fillie Barries se klere gekry het en **hoekom** Barries dit daar gelos het. | (2) |
| • Waarom Paul skielik, op Oukersdag, besluit het dat die Booysens van Seeplaas af moes trek. | (1) |
| • Een argument wat Barries gebruik het om Paul te laat besluit dat die Booysen-gesin langer mag bly. | (1) |
| • Tot wanneer die Booysen-gesin op Seeplaas mag bly. | (1) |
| • Hoe Fillie vir Barries gehelp het toe Stef vir Jona wou skiet. | (1) |
| • Hoe Fillie vir Barries wou help toe die Du Toit-gesin vir Jona kom haal het. | (1) |
| • 'n Bewys aan die einde van die verhaal dat Paul besluit het om vir Fillie Booysen met sy toekoms te help. | (1) |

***Jou paragraaf oor Fillie:***
*(BEPLANNING)*

IEB Copyright © 2022

***Jou paragraaf oor Fillie:***
*(FINALE ANTWOORD)*

IEB Copyright © 2022

***Olga, die verkeerde invloed wat deel was van Barries se grootwordproses***

2.2

> Toe hy om 'n hoë rotstand kom, skrik hy hom lam. 'n Meisie met woeste lang rooiblonde hare lê plat op haar rug op die rotse en bak, so kaal soos 'n ringlose vinger. Die bikinimerke het 'n pienkerige skynsel van sonbrand.
>
> Olga!

[Bl. 93]

2.2.1 Hoe het Barries geweet dat die meisie op die rotse Olga was?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.2.2 Gee TWEE feite wat bewys dat Olga 'n problematiese verlede gehad het.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

2.2.3 Noem EEN bewys dat die verhouding tussen Stef en Olga nie baie gesond was nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.2.4 Barries het ontdek dat Olga 'n dief is toe sy by hom in Johannesburg oorgeslaap het. Gee TWEE bewyse.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 DIALOOG

***Jona***

| |
|---|
| Barries skrik met 'n gil wakker, op 'n matras toegevou in die droë, warm komberse voor die koolstoof in Paul se kombuis. Die hond lê 'n armlengte van hom af, doodstil en toe-oë onder 'n kombers. Die stoof se deurtjie is oop sodat die rooi gloed oor hulle uitborrel. |

[Bl. 109]

**Barries** en **Eunicé** gesels oor **Jona.**

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Barries** en **Eunicé** en vul **Eunicé en Barries se antwoorde in.**

3.1 Barries: Hoe het julle uitgevind dat Jona by ons is? (twee feite)

Eunicé: ______________________________

______________________________ (2)

3.2 Barries: Waarom moet jy vir Jona in jou lewe hê?

Eunicé: ______________________________ (1)

**Eunicé** het ook 'n paar vrae wat sy vir **Barries** wil vra.

3.3 Eunicé: Al het ek vir Jona baie nodig, het Jona jou ook baie gehelp. Hoe het Jona jou die afgelope paar weke gehelp om 'n beter Barries te word?

Barries: ______________________________

______________________________ (1)

3.4 Eunicé: Hoekom was jy die nag buite toe jy Jona hoor tjank het?

Barries: ______________________________ (1)

3.5 Eunicé: Jy het Jona al die vorige dag by die rotse hoor tjank en hom gesoek. Waarom was dit so moeilik om hom te sien?

Barries: ______________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

3.6 Eunicé: Jou pa het vir jou 'n leuen vertel en gesê dat dr. Hakinin vir julle R2000 afslag gegee het.

Wat was die waarheid?

Barries: ______________________________ (1)

3.7 Eunicé: Waarom, dink jy, het Jona die blou beertjie saamgebring na ons toe?

Barries: ______________________________ (1)

3.8 Eunicé: Jy het gesê dat die blou beertjie weggeraak het toe jy klein was. Wie het dit gevat?

Barries: ______________________________ (1)

3.9 Eunicé: Danksy jou, weet ons nou dat Jona aan Von Willebrand se siekte ly. Waarom is die skerp rotse vir Jona 'n gevaar?

Barries: ______________________________ (1)

Eunicé: Ek belowe dat ek baie mooi na Jona sal kyk.

**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4

***Barries se probleme met die polisie***

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **Barries se probleme met die polisie**.

- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

***Paragraaf 1:*** **Inleidingsparagraaf**

***Paragraaf 2:*** **Ongeluk met die verkeersman**

- **Wat** het Barries en sy vriende die aand van die motorongeluk gevier en **wie** het die motor bestuur? (2)
- Gee EEN bewys dat die verkeersman in 'n kritieke toestand was. (1)
- Waarom was die ongeluk indirek Barries se skuld? (1)
- Hoe het Barries probeer om die blaam vir die ongeluk op iemand anders te plaas? (1)

*Barries het gesê dat 'n polisieman hom aangerand het.*

- Waarom het 'n polisieman vir Barries op die ongelukstoneel teen die kant van sy kop geslaan? (1)

***Paragraaf 3:*** **Kaptein Mfeka**

- Vir watter afdeling van die polisie het kaptein Mfeka gewerk? (1)
- Hoekom, dink jy, het kaptein Mfeka so negatief oor dwelms gevoel? (1)
- Waarom was daar 'n klag van onwettige besit van dwelms teen Barries? (1)
- Waarom het kaptein Mfeka opgewonde geraak en 'n foto uitgehaal toe hy gehoor het dat Barries se pa 'n plaas in die **Oos-Kaap** het? (1)

***Paragraaf 4:* Sersant Schreuder**

*Sersant Nicolene Schreuder het Barries jammer gekry en wou hom help.*

- Waarom het Barries nie al die dwelmkooppunte vir die polisie uitgewys nie? (1)
- Gee een bewys dat Nicolene vir Barries, op die bus, soos 'n vriend behandel het. (1)
- Waarom het Nicolene 'n kaartjie met haar telefoonnommer vir Barries op Humansdorp gegee? (1)

***Paragraaf 5:* Die polisie op Humansdorp**

*Toe Barries die veearts in Humansdorp besoek het, wou hy dagga koop, maar hy het dit nie gedoen nie.*

- Wat het hy in plaas van dagga gekoop? (1)

*Op pad terug Johannesburg toe, het 'n ontstelde Barries vir 'n tweede keer amper dagga op Humansdorp gekoop.*

- Waarom moes Barries teruggaan Johannesburg toe? (1)
- Waarom het die polisie op Humansdorp vir Barries gestop voor hy die dwelms kon koop? (1)

***Paragraaf 6:* Slotparagraaf**

**Assessering: 4 punte** word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

**[20]**

IEB Copyright © 2022

***Jou opstel: Barries se probleme met die polisie***
(*BEPLANNING*)

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

***Jou opstel: Barries se probleme met die polisie***
*(FINALE ANTWOORD)*

IEB Copyright © 2022 

**60 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.

2. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

3. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik

4. **Beplanning van skryfstukke**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk nie.

   - Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

## VRAAG 5 DIALOOG




[Google images – FlyClipart]

**Situasie:**

**Jy** en **jou vriend** is in matriek. Julle gesels oor **probleme in die skool.**

Skryf nou die **dialoog tussen jou en jou vriend.**

**Opdrag:**

Jou dialoog moet die volgende aspekte bevat.

- Julle moet **twee probleme** in die skool noem en bespreek.
- Gee **een of meer redes vir elke probleem**.
- Noem wat die **resultaat van elke probleem is**.
- Verduidelik **wat die skool kan doen om elke probleem op te los.**

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou dialoog moet **tussen 180 en 250 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou dialoog neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou dialoog gebruik.

**Formaat vir dialoog:**

| | |
|---|---|
| **Ek:**<br><br>**Vriend (*naam*):** | **...**<br>*(reël oop)*<br>**...**<br>*(reël oop)*<br><br>*Onthou: Geen aanhalingstekens (") is nodig by die karakters se woorde nie.* |

**[30]**

IEB Copyright © 2022

**DIALOOG**
*(BEPLANNING)*

IEB Copyright © 2022

**DIALOOG**
*(FINALE ANTWOORD)*

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6 BOODSKAP VIR BEDANKINGSKAARTJIE



[Google images – desert diva]

**Situasie:**

Dis die einde van jou matriekjaar. Daar is een onderwyser wat vir jou baie beteken het.

**Opdrag:**

Skryf 'n **boodskap** vir hierdie onderwyser.

In jou boodskap moet jy oor die volgende aspekte skryf:

- Hoe die onderwyser jou **gehelp** het.
- Noem die **goeie kwaliteite** van die onderwyser.
- Watter **lewenslesse** jy by die onderwyser geleer het.

**Instruksies:**

- Jy kan jou **paragraafindeling** volgens die aspekte indeel.
- Die inhoud van jou kaartjie moet **tussen 80 en 120 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou boodskap neer.**

**Begin jou boodskap as volg:**

*Beste meneer ... / mevrou ... / juffrou ...*

*Ek wil u bedank vir ...*

**[10]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022

**BOODSKAP VIR BEDANKINGSKAARTJIE**
*(BEPLANNING)*

IEB Copyright © 2022

**BOODSKAP VIR BEDANKINGSKAARTJIE**
*(FINALE ANTWOORD)*

IEB Copyright © 2022

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022